LAERSKOOL SECUNDA

2026 AKADEMIESE JAAR INLIGTING

Rissik straat, Secunda, 2302
(017) 634 7613
algemeen@secundalaer.co.za
fin@secundalaer.co.za

Inhoudsopgawe

1. VERWELKOMING 2
2. ALGEMENE SKOOLINLIGTING 2
3. EERSTE SKOOLDAG – 14 JANUARIE 2026 2
4. SKOOLKWARTALE 2026 2
5. SKOOLURE 3
6. BOKKESPORT (Graad 3-7) / BOKKIESPORT (Graad 1-2) / KRONE BYEENKOMS 3
7. OUER INLIGTINGSAANDE 2026 3
8. OUERBETROKKENHEID 3
9. NASORGSENTRUM 4
10. SKRYFBEHOEFTES 5
11. KARRI-TOEP 5
12. SKOOLDRAG 5
13. HERHALENDE AKTIWITEITSROOSTER 5
14. KWARTAALPROGRAM 5
15. PADREËLS 5
16. KONTAKBESONDERHEDE 6

1. VERWELKOMING

Baie welkom by ons Laerskool Secunda familie! U het verseker die regte keuse gemaak om deel te word van hierdie wenspan. Ons sien met opgewondenheid uit na 'n geseënde jaar saam met ons leerders en ouers.
Hier volg belangrike inligting vir die nuwe jaar. Indien u enige verdere vrae het, kontak ons gerus - ons help graag!

2. ALGEMENE SKOOLINLIGTING

Hoof: Mnr. Jaco Bothma
Kantoor kontaknommer: 017 634 7612
E-pos:

- algemeen@secundalaer.co.za (Sekretaresse)
- info@secundalaer.co.za (Toelatings)

Webwerf: www.secundalaerskool.co.za
Facebook: Laerskool Secunda

3. EERSTE SKOOLDAG – 14 JANUARIE 2026

Belangrike reëlings vir alle leerlinge en ouers rakende die eerste skooldag:

GRAAD RRR – 1:

- **Graad 1:** Vergader om 7:30 in die saal
- **Graad R:** Vergader om 8:00 in die saal
- **Graad RR:** Vergader om 7:30 in die MC-Rall Sentrum
- **Graad RRR:** Vergader om 7:30 in hulle klasse

NUWE GRAAD 2-7 EN LSOB LEERDERS: Vergader om 7:30 in die personeelkamer
Al die bogenoemde leerders mag deur hulle ouers vergesel word. Indien u nie saam met hul kan gaan nie, sal 'n onderwyser hul ontvang.

HUIDIGE LEERDERS GRAAD 2-7 EN LSOB:
Al die leerders plaas hul tasse by die vorige jaar se klasse en gaan wag op die pawiljoen waar hul in hul nuwe klasse ingedeel sal word.

4. SKOOLKWARTALE 2026

Kwartaal 1	14 Januarie – 27 Maart
Kwartaal 2	8 April – 26 Junie
Kwartaal 3	21 Julie – 23 September
Kwartaal 4	6 Oktober – vasgestelde datum sal nog deurgegee word

5. SKOOLURE

Graad RRR tot R 14 Januarie – 30 Januarie 2026 Maandag tot Vrydag: 7:30 – 12:30 Vanaf 2 Februarie 2026 Maandag tot Vrydag: 7:30 – 13:00 **Wagklasse is beskikbaar tot 13:30**	**Graad 1** 14 Januarie – 30 Januarie 2026 Maandag tot Vrydag: 7:30 – 12:30 Vanaf 2 Februarie 2026 Maandag tot Vrydag: 7:30 – 13:20 **Wagklasse is beskikbaar tot 13:30**
Graad 2, 3 en LSOB Maandag tot Vrydag: 7:30 – 13:20 **Wagklasse is beskikbaar tot 13:30**	**Graad 4-7** Maandag tot Vrydag: 07:30 – 13:30

Leerders in graad RRR – 1 kan in die oggende tot by hul klasse vergesel word (enige tyd vanaf 6:50 tot 7:30) en weer in die middae by hul klasse afgehaal word.

6. BOKKIESPORT (Graad 1-2) / KRONE BYEENKOMS (Graad 3 – 7)

Krone byeenkoms (Graad 3 – 7):
Alle 3 – 7 leerders wat by ons skool aansluit in 2026 gaan die geleentheid kry om aan ons Krone byeenkoms deel te neem om ‘n plek in ons atletiekspan te behaal. Die byeenkoms vind plaas op 16 Januarie 2026 te Secunda Stadion.

Bokkiesport (Graad 1 – 2):
Vir ons **graad 1 en 2** leerders van 2026, vind ons prettige **Bokkiesport** plaas op 15 Januarie 2026 te Laerskool Secunda.

7. OUER-INLIGTINGSAANDE 2026

Ons ouer-inligtingsaande vir graad RRR-7 sal plaasvind gedurende die tweede skoolweek van 2026. Die spesifieke datums vir elke graad sal aan u voorsien word op 14 Januarie 2026. Ons sien daarna uit om u by hierdie belangrike geleenthede te verwelkom en saam te werk om u kind se leerreis vir 2026 suksesvol te begin.

8. OUERBETROKKENHEID

Daar word van ouers, as vennote in die opvoedingsproses, verwag om voortdurend betrokke te wees by alle aspekte van u kind se ontwikkeling.
Sluit aan by:

- Oueraande, aan die begin van elke kwartaal
- Inligtingsessies

- Fondsinsamelings
- Ouers in Aksie-ondersteunersklub

9. NASORGSENTRUM

By ons nasorgsentrum bied ons die volgende:

- Verrykings- en vakansieprogramme wat 'n verskeidenheid aktiwiteite aanbied
- Die bestuur van individuele buitemuurse programme vir elke leerder
- Individuele aandag met huiswerk/probleemareas tydens en na studietye
- Toegang tot alle buitemuurse aktiwiteite op die skoolterrein
- 'n Veilige speelterrein
- Geleenthede vir leerders om hulle volle potensiaal te bereik

Die nasorgsentrum heropen op **Maandag, 5 Januarie 2026** en die skool heropen op **Woensdag, 14 Januarie 2026**.

Nasorgtye:

Graad RRR tot R 5 Januarie – 13 Januarie 2026 Maandag tot Vrydag: 7:30 – 17:30 14 Januarie – 30 Januarie 2026 Maandag tot Vrydag: 12:30 – 17:30 Vanaf 2 Februarie 2026 Maandag tot Vrydag: 13:30 – 17:30	**Graad 1** 5 Januarie – 13 Januarie 2026 Maandag tot Vrydag: 7:30 – 17:30 14 Januarie – 30 Januarie 2026 Maandag tot Vrydag: 12:30 – 17:30 Vanaf 2 Februarie 2026 Maandag tot Vrydag: 13:30-17:30
Graad 2, 3 en LSOB 5 Januarie – 13 Januarie 2026 Maandag tot Vrydag: 7:30 – 17:30 Vanaf 14 Januarie 2026 Maandag tot Vrydag: 13:30 – 17:30	**Graad 4 – 7** 5 Januarie – 13 Januarie 2026 Maandag tot Vrydag: 7:30 – 17:30 Vanaf 14 Januarie 2026 Maandag tot Vrydag: 13:30 – 17:30

Maandag, 5 Januarie 2026:

- Die leerders wat reeds vanaf 5 Januarie 2026 die nasorg bywoon, moet in die saal aanmeld om 7:00 vir 7:30 waar die personeel die leerders sal ontvang en indeel.

Woensdag, 14 Januarie 2026:

- Graad RRR-R nasorgleerders: onderwysers vergesel leerders na die MC Rall waar die nasorg indelings sal plaasvind.
- Gr. 1-7 nasorgleerders: klasonderwysers stuur leerders direk na skool na die skoolsaal waar die nasorg indelings sal plaasvind.

Vir enige nasorgnavrae is u welkom om die skoolkantoor te kontak of 'n epos te stuur aan *nasorg@secundalaer.co.za.*

10. SKRYFBEHOEFTES

Die skryfbehoeftelys vir 2026 sal in die vierde kwartaal van hierdie jaar aan u gestuur word. Dit is ook beskikbaar op ons webtuiste.

11. KARRI-TOEP

Alle skoolbetalings, insluitend projekte en fondsinsamelings word via die Karri-toep hanteer en betaal. Hierdie platform bied ‘n veilige en maklike manier om betalings vinnig te doen, en help ook om administrasie te vereenvoudig.
Die Karri-toep is beskikbaar op die **Google Play store** (vir Android-gebruikers) of die **App Store** (vir Apple-gebruikers). Sodra u geregistreer is, sal u betalingskennisgewings direk via die Karri-toep ontvang.

12. SKOOLDRAG

Ons sport- en skooldrag is beskikbaar by **SkoolKas**.

Handelsure:
Maandae – Vrydae: 10:00 – 18:00
Saterdae: 09:00 – 12:00

Adres:
Unit F3
19 Danie Theron Straat, Secunda

Kontak besonderhede:
079 788 4834
admin@skoolkas.co.za

13. HERHALENDE AKTIWITEITSROOSTER

Die weeklikse oefen – aktiwiteitsrooster sal aan u gestuur word in die eerste week van 2026.

14. KWARTAALPROGRAM

Die kwartaalprogram van die kleuterskool en laerskool sal gedurende die eerste skoolweek van 2026 aan ouers beskikbaar gestel word.

15. PADREËLS

Ons handhaaf 'n eenrigting-verkeerstelsel in Rissikstraat vanaf die Hervormde Kerk gedurende die volgende spitstye:

- Oggende: 06:50 – 08:00
- Middae: 13:00 – 13:45

Ons rig 'n vriendelike versoek aan alle motoriste om asseblief:

1. binne die spoedgrens van 20 km/h te bly en
2. slegs in die aangewese parkeerplekke te parkeer en nie op die rooi gemerkte areas te parkeer nie.

Baie dankie vir u samewerking.

16. KONTAKBESONDERHEDE

Charleen Grové **Hoof se Sekretaresse** algemeen@secundalaer.co.za	Shané de Bruyn **Toelatings en Ontvangs** info@secundalaer.co.za	Wilmarie du Plessis **Rekenmeester** fin@secundalaer.co.za
Samantha Rautenbach **Verhoudingsbestuurder** netwerk@secundalaer.co.za	Anneli Long **Kommunikasie - en Ontwerpbestuurder** skakel@secundalaer.co.za	Nadia van Eeden **Debiteure** nadia@secundalaer.co.za
Monica Pieterse **Aankope en Afrolwerk** aankope@secundalaer.co.za	Magda du Plessis **Opvoedkundige Leiding Departementshoof** dpo@secundalaer.co.za	Elna Botha **Intermediêre en Seniorfase Departementshoof** dps@secundalaer.co.za
Roelof Steyn **Dissiplinêre Hoof** dissip@secundalaer.co.za	Theo Odendaal **Terrein - en Sporthoof** sport@secundalaer.co.za	Walmarie Fourie **Grondslagfase Departementshoof** dpj@secundalaer.co.za
Lizelle Venter **Kultuurhoof** kultuur@secundalaer.co.za	Michelle Jansen van Vuuren **Kleuterskool fasehoof** kleuterskool@secundalaer.co.za	Rina Louw **Kliniese Maatskaplike Berader** 076 227 1578